Publication: Sake (Rapport Gauteng)
Date: Sunday, April 07, 2019
Page: 5

# Los maar liewer dié huweliksaanbod

Nico van Gijsen

**Raad met jou rande**

Hier is nou ’n maltrap-trouplan as ek al ooit een gehoor het. Sy is ’n 70-jarige weduwee. Meneer Troukoors is 84.

Sy voorstel? Trou met my, dan kan jy ná my dood die helfte van my pensioen van die staat se pensioenfonds (GEPF) kry. Nee, ons hoef nie saam in te trek nie, dit is net ’n manier vir ons om so veel moontlik uit die staat te kry.

Volgens haar brief klink dit nie of sy behoeftig is nie. Haar pensioen is meer as syne en sy het verblyf in ’n tehuis vir bejaardes. Slim plan, of bedrog, wou die weduwee die week van my weet.

Bedrog? Ek sal sê ja, hoewel daar seker êrens ’n prokureur is wat met my sal stry. Oneties is dit beslis in my oë. En eintlik, as ek dieper daaroor dink, ’n voorbeeld van die jammerlike grypwat-jy-kan-kry houding in ons hedendaagse samelewing.

Maar kom ons hou by die vraag. Dit lyk nie of jy jou hoef te bekommer dat dit net ’n jakkalsdraai is om jou tussen die lakens te kry nie. Dié vereiste vir die volvoering van ’n huwelik bestaan nie meer nie. So, of hy daarvan bewus is of nie, sy trouplan het net finansiële gevolge.

Die enkele grootste risiko wat ek vir jou hierin sien, is egskeiding. Dit kan sy plan wees. As hy bereid is om oneties teenoor sy pensioenfonds op te tree, hoekom nie teenoor jou ook nie? As jy byvoorbeeld nie bereid is om mee te doen aan enige matras-kaskenades nie, sou dit ’n grondige rede vir egskeiding wees.

Die huwelik skep ’n verpligting op onderhoud - al is julle buite gemeenskap van goed getroud - en sou julle skei, kan jy verplig word om mnr. Troukoors te onderhou solank as wat hy lewe.

Al skei julle nie, is daar steeds die plig op onderhoud en jy sal kwalik kan nee sê as hy finansieel in die sop is en jy probeer jou sente omdraai. En dan is daar dood. Sou jy voor hom sterf, sal hy ’n eis teen jou boedel kon indien vir onderhoud van ’n langslewende gade (Wet 27 van 1990). En toegang kry tot jou pensioenfonds. En jou naasbestaandes benadeel.

Los liewer die trouplan. Dis oneerlik, oneties, onchristelik en onnosel.

Kom ons voer dit verder. Niks met die leser te doen nie, maar heel toevallig ook ’n vraag wat ek onlangs gekry het. En dit is om te trou, of saam in te trek, sodat hy sy bates aan haar kan bemaak en dan so te bespaar op boedelbelasting.

Net kortliks. Die boedelbelastingwet (Wet 45 van 1955) laat toe dat alle bemakings aan ’n langslewende gade aftrekbaar is voordat boedelbelasting bereken word. In ’n saambly-verhouding wat bedoel was om permanent te wees, kwalifiseer die langslewende as ’n gade vir die doel.

Nou, as sy boedel minder is as R3,5 miljoen, is die storie ’n spul twak. Jy betaal eers boedelbelasting as die netto waarde van boedel (na alle aftrekkings) bo dié bedrag is. En glo my, enigeen met ’n boedel groter as dit het nie ’n aangelapte huweliksmaat nodig om sy goed aan uit te deel by dood nie.

Sy “erfgename” sal reeds in ’n ry staan, waarskynlik stamperig aan mekaar. En die finansiële gevolg van boedelbelasting raak hom in elk geval nie.

**■ Nico van Gijsen, ’n gesertifiseerde finansiële beplanner en belastingpraktisyn, is besturende direkteur van Finlac en ’n lid van Fisa. Lesers kan navrae aan hom stuur deur te skryf aan Raad met jou Rande, Posbus 8422, Johannesburg 2000 of nico@finlac.com; Twitter: @Nicovangijsen.**

This material has been copied under a Dalro licence and is not for resale or retransmission.